Publication: Finweek Afrikaans
Title: Kultuur: Jou #1 mededingende voordeel
AVE: 21981.9
Page: 13
Publish Date: 21 January 2021
Author: Marno Boshoff

promosie-artikel King Price

Deur Marno Boshoff

Kultuur: Jou #1 mededingende voordeel

Om 'n gesonde korporatiewe kultuur te kweek, kan enorme aandeelhouerswaarde oplewer.

Wat maak 'n maatskappy mededingend? Grootdata, vernuwende bemarking, gebruiksgemaklike toepassings en die laagste pryse is als belangrike elemente, maar die enkele grootste mededingende voordeel wat jou maatskappy het, is sy mense en die kollektiewe kultuur wat hulle tot stand bring.

Hoekom is kultuur so belangrik? Maklik, dis die een ding wat jou as 'n maatskappy werklik laat uitstaan. Dit is wat jou mense soggens met 'n lied in die hart laat opstaan, vernuwing omarm en verhoudinge met jou klante bou.

Nog belangriker, dit bevorder werklike maatskappywaarde. Ons beraam dat die skep van 'n positiewe maatskappykultuur by King Price die afgelope jare regstreeks tot 'n gekombineerde styging van meer as 50% in aandeelhouerswaarde bygedra het.

King Price se kultuur het nogal die onderwerp van bespreking geword in 'n bedryf wat voorheen vir sy versigtige behoudendheid bekend was. Ons kantore spog met tafeltennistafels, Segway-bane, Lego-mure, speelgoed en arkadespeletjies. Kom vroeg genoeg werk toe en ontbyt is gratis. Ook die springmielies en *slushies*.

Marno Boshoff

Maar dis nie die kultuur nie, dis net een uitdrukking daarvan. Die kultuur kom vanuit 'n duidelike en kragtige doelwit – in ons geval, #MakingADifference en om mense se lewens te verander. Ons mense verstaan dit en koop daarby in. Hulle weet wat verwag word en hulle leef dit uit. Mense vra ons dikwels uit na die geheim van ons kultuur – en ons antwoord is altyd dieselfde: kom kyk self. Ons hou gereeld gefokusde kultuurdae, waar ons interne deskundiges jou in ons "koninkryk" sal rondwys en saam met bedryfskundiges inligtingsessies aanbied, waar ons modelle en prosesse ontwikkel en gesels oor hoe om vir jou eie onderneming 'n eiesoortige kultuur te kweek. Gits, ons sal selfs middagete en 'n geskenkpakkie byvoeg. ■

Marno Boshoff, kultuurevangelis by King Price Insurance.

Full Page Image